# HOOFSTUK 6

## SKOOLDISSIPLINE EN SKOOLREËLS

"En Jesus antwoord hom :

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod.

En die tweede wat hiermee gelykstaan : Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Matt. 22: 37 - 39).

### 6.1 Noodsaaklikheid en funksies van skoolreëls.

Die mens leer God ken as die God van orde (Du Plessis, 1974, p. 159) en daarom sal die Christen in alles wat hy doen na orde en dissipline strewe. Die woord dissipline kom nie in die Bybel voor nie, maar orde wel. (Ibid.)

Scholtz onderskei tussen orde en dissipline. Orde het met die uiterlike omstandighede en dus met die sigbare toestand te doen terwyl dissipline 'n dieper konsepsie het en met die innerlike mens te doen het. Die uiterlike handeling behoort die innerlike gesindheid te openbaar. (Scholtz, 1974, pp. 147, 148; Coetzee, 1944, p. 348).

Skoolreëls is 'n handige hulpmiddel om 'n ordelike skool te verseker, maar sal nie slaag as dit nie ook op die innerlike 'n beroep doen en lei tot selfdissipline nie. Elke skool het sy eie reëls en alhoewel onderlinge verskille voorkom, kan dit soos volg omskryf word. Dit is voorkomende maatreëls wat op beginsels rus en waarmee 'n gedragskode of gedragsnorm vasgelê word om kinders te dissiplineer tot voordeel van hul skool en vir karakteropvoeding.

Omdat /....

Omdat die gesagsverhouding een van die mees fundamentele verhoudings is wat tussen mense bestaan en vooruitgang onmoontlik is waar gesag nie erken word nie (Scholtz, 1974, pp. 52 - 53) sal gesagsdraers in 'n skool reëls maak en gehoorsaamheid eis. Alhoewel 'n skool met 'n groot familie vergelyk mag word, is dit tog sekerlik ook 'n wêreld in die kleine en :

> "discipline of the world comes down, in the last resort, to a code of laws ...." (Howard, 1928, p. 4).

Die Christen aanvaar nie alleen die Wet en gesagsbeginsel uit die Woord van God as geldend op alle lewensterreine nie, maar glo ook dat aardse owerhede en wette gehoorsaam moet word. Art. 36, Nederlandse Geloofsbelydenis lui :

> "Ons glo dat onse goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit Sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm". (Venter, C.N., 1973, p. 11).

Skoolreëls is noodsaaklik omdat leerlinge nie <u>gelos</u> mag word om vanself te leer onderskei tussen reg en verkeerd nie, maar <u>gelei</u> moet word om dit te leer doen. (Ballard, 1928, p. 71). In dieselfde verband sê Schutte dat die kritiek wat deur die "alternative schoolers" teen die skoolstelsel ingebring word, nie daartoe mag lei dat leerlinge nou maar aan hulself oorgelaat moet word nie.

> "As dit skyn asof die demokratiese beginsel nie tot sy reg kom nie, is dit nie nodig om gesag te verwerp nie. As die kloof tussen onderwyser en kind te breed is, dan moet die alternatief

nie "equality and palship" wees nie want dit bots met die Skrifbeginsel. As ons vir die kind te veel dinge "sê" dan is die oplossing nie om hom te "los" nie maar om hom tot selfontdekking te lei". (Schutte, 1973, p. 154).

Die noodsaaklikheid van skoolreëls lê veral ook in die feit dat, deur hierdie hulpmiddel te gebruik en af te dwing, dissipline gehandhaaf, orde verseker en leerlinge geoefen word om gesag te gehoorsaam. Goeie orde en dissipline is volgens Taute in die moderne skool net so nodig soos in die verlede (1942, p. 162). Die kind moet in ʼn ordelike omgewing opgroei en ter wille van sy gesonde ontwikkeling leer om hom te beheers. Dit is ook noodsaaklik sodat sy maats nie benadeel word nie. (Ibid.)

ʼn Reël het sy oorsprong in ʼn beginsel en wil beginsels handhaaf en leerlinge opvoed om die beginsels as hul eie te aanvaar. Orde is nie die skool nie, ook nie die hoogste of enigste doelstelling in die skool nie, maar dit is bepaald een van die belangrikste vereistes vir die bereiking van die meer verhewe ideale van die skool. Sonder ʼn duidelike reël is orde, die uitwendige, waarneembare sy van dissipline, nie moontlik nie. Alhoewel dissipline liefs van binne moet kom as om dit van buite af te dwing moet opvoeders altyd onthou dat ʼn skool ʼn besondere gemeenskap met ʼn bepaalde aard is, naamlik met min volwassenes en baie kinders. (Bekker, s.j. 1963, p. 56).

So byvoorbeeld wil die reël dat almal betyds by die skool moet opdaag, opvoed tot stiptheid, maar dit is ook noodsaaklik omdat daar chaos sal heers as elkeen opdaag wanneer hy wil en veral ook omdat die onderrig sal skade ly as lesse nie betyds begin nie.

Reëls is noodsaaklik want die lewe in die gemeenskap vra ook onderwerping aan reëls wat vir die handhawing van die voortbestaan van die gemeenskap nodig is. (Bekker, s.j. [1963,] p. 56).

Dit is nodig om daarop te let dat dissipline en reëls nie net eie is aan die Christelike opvoeding nie.

- "Die pragmatis heg groot waarde aan wilsinspanning en dissipline en wil hê dat die skool moet sorg vir die opvoeding van mense met 'n sterk wil en 'n gedissiplineerde gees en karakter". (Gunter, 1961, p. 201).
- Omdat die idealis insien dat daar 'n breuk in die lewe van elke mens is en dat hy as gevolg daarvan nie is wat hy behoort te wees nie is hy "in staat om 'n behoorlike plek en 'n noodsaaklike funksie aan gesagsdissipline in die opvoeding toe te ken; die funksie daarvan is juis om die kind te help om sy potensiële redelik - sedelike natuur te aktualiseer, om sy laer natuur van instink, emosie, sinlike begeerte en aptyt onder beheer te kry, om die breuk in sy lewe te heel en aldus te word wat hy behoort te wees." (Ibid. p. 142).

Veral in die kommunisme word kinders aan strenge toesig op skool, tuis en op straat onderwerp en die skool is deels verantwoordelik vir die beheer van sy leerlinge se buiteskoolse lewe. (Vergelyk in die verband hoofde se antwoorde op vraag 8a. en b., pp. 58, 59). Volgens die staat in Sowjet-Rusland se "Reëls vir Skoolkinders" is dit onder meer die plig van elke leerling : "om vlytig te studeer en altyd op tyd vir sy klasse te wees; om die bevele van sy onderwysers onvoorwaardelik te gehoorsaam; om presies en netjies op sy persoon, sy besittings en sy werk te wees; om op te staan wanneer die onderwyser die klaskamer binnekom of verlaat; om sy huiswerk selfstandig en getrou te doen; om gehoorsaam, eerbiedig en beleefd teenoor sy onderwysers, ouers en ouer mense te wees; om hom te

onthou /....

onthou van die gebruik van lelike taal, rook en dobbelspel ens." (Volgens Counts in Gunter, 1961, p. 81).

Dit is genoeg om aan te dui dat skoolreëls noodsaaklik is en 'n belangrike funksie het om te vervul. Elkeen stem seker saam met Craddock waar hy sê :

> "There is, in every school worthy of the name, a system of discipline in force, a code of conduct, written or unwritten, which aims at the moral, mental, and physical well-being of every boy in it". (Craddock, 1920, p. 8).

Vraag 35 van die vraelys (p. 68) was die volgende :

> Meld die hoofdoel met u skool se reëls :

In die antwoorde van skoolhoofde kom twee sake sterk na vore, naamlik :

* Reëls is noodsaaklik vir die skool. Ongeveer die helfte van die hoofde noem hierdie rede en daaronder, veral die volgende :
    - sodat die opvoedingsprogram met die minste steurings glad en ordelik kan verloop (31%)
    - sodat orde kan heers (9%), want God het orde geskep (1%)
    - sodat eenvormigheid kan heers wat kan lei tot samehorigheid (7%)
    - sodat skooltrots bevorder kan word (6%).

* Reëls is noodsaaklik vir die kind. Die rede word, by implikasie, deur hoofde as die doel van hul skoolreëls gegee in die vermelding van die volgende :
    - om leerlinge te leer om gesag te aanvaar om sodoende uiteindelik pligsgetroue, ordelike en gedissiplineerde burgers en bestendige volwassenes vir die staat te lewer (19%).
    - om basiese behoorlikheidseise, volgens 'n bepaalde lewens-

en /....

en wêreldbeskouing aan leerlinge te leer (4%).

- om hulle op te voed tot rype mense, vir elke goeie daad volkome toegerus, met goeie menseverhoudings en respek vir ander (5%).
- om hulle te lei tot selfstandigheidswording sodat hulle verantwoordelikheid kan aanvaar vir hul optrede en self-gedissiplineerd volgens Christelik-Afrikaanse standaarde kan lewe (12%).
- om hulle op te voed tot selfrespek en selfhandhawing (2%).
- om hulle waardering vir netheid, orde en samewerking te leer (1%).

Uit die antwoorde van hoofde op vraag 35 (p. 68) kan die doel en funksie van skoolreëls soos volg opgesom en saamgevat word :

.. Om 'n geordende, gelukkige, verantwoordelike, gedissiplineerde en trotse skoolgemeenskap te probeer bewerkstellig waarin leerlinge gelei en opgevoed word tot respek en bedagsaamheid teenoor mekaar en teenoor aanvaarde norme en standaarde, sodat elkeen veilig voel en die opvoedingsprogram ordelik en met optimale benutting van beskikbare tyd en tot voordeel van leerlinge, skool, gemeenskap en staat en tot eer van God kan verloop.

Hierdie samevatting, wat in 1976 uit die antwoorde van skoolhoofde gemaak is, stem baie ooreen met wat Bagley in 1930 reeds gesê het toe hy die funksies van dissipline in die skool soos volg opgesom het:

"The meaning of school discipline, then, may be formulated as three related and yet somewhat distinct functions :

1. The creation and preservation of the conditions that are essential to the orderly progress of the work for which the school exists.
2. The preparation of the pupils for effective participation in

an organized adult society which, while granting many liberties, balances each with a corresponding responsibility, and which while allowing to each individual much freedom in gratifying his desires and realizing his ambitions, also demands that the individual inhibit those desires and repress those ambitions that are inconsistent with social welfare.

3. The gradual impression of the fundamental lessons of self-control, especially through acquainting the pupil with the importance of remote as contrasted with immediate ends, and through innumerable experiences which will lead him to see that persistence and sustained effort bring rewards that are infinitely more satisfying than can be attained by following the dictates of momentary desire." (Bagley, 1930, p. 10).

Daar is 'n verskil tussen skoolreëls en skooldissipline, maar albei is belangrike hulpmiddels om die skool se oogmerke te help bereik.

Die sitaat uit Bagley beklemtoon verder dat die primêre en basiese waarhede in die opvoeding min verander het sedert 1930.

6.2 Enkele belangrike eise waaraan skoolreëls moet voldoen.

"the law of the school must be based on moral law and a knowledge of child life". (Bray, 1924, p. 270).

Die skool se reëls moet aan sekere eise voldoen en moet nie die leerlinge se vryheid onnodig beperk nie.

* Die reëls moet by die skool se omstandighede pas. Opvoeders dink partikulier, die ouer aan sy eie kind en die skoolhoof aan sy skool. So sal die Afrikaanse skool sy reëls baseer op die beskouing van die Afrikaner.
  Die besondere behoeftes van die ouers (as kultuurgemeenskap),

die /....

die skoliere en die fisiese omstandighede by 'n skool vereis dat elke skool sy eie reëls sal hê.

* Dit sal 'n groot fout wees as skoolreëls eenvoudig van 'n goed gedissiplineerde buurskool se reëls afgeskryf word.

* Die reëls moet ondersteuning van onderwysers geniet. As onderwysers wat reëls moet afdwing, onwillig is om dit te doen omdat hulle nie met 'n sinvolheid daarvan saamstem nie, ontstaan 'n jammerlike toestand.

* Die reëls in 'n Christelike skool moet verantwoordbaar wees volgens die eise van die Bybel.

* Reëls moet nie te volop wees nie. Dit verwar leerlinge wanneer te veel reëls en regulasies aan hulle voorgehou word. Noodsaaklikes moet egter gemaak, besonder beklemtoon en onverbiddelik nagekom word. (Bekker, 1965, p. 208).

* Reëls moet liefs positief gestel word. Die Christelike lewensbeskouing bestaan nie uit 'n reeks wette en voorskrifte nie. Die skool se reëls kan so opgestel word dat die positiewe beklemtoon word. Voorbeeld. In plaas van :

"Leerlinge mag nie in beddings trap en op grasperke speel en bome breek nie", kan dieselfde positief gestel word ;

"Ons is trots op die voorkoms van ons skool en tuin en doen almal ons bes om ons tuine mooi te hou en steeds mooier te maak".

* Reëls moet tot self-dissipline opvoed. Gehoorsaamheid moet die gevolg wees van 'n veranderde wil, nie 'n onderdrukte wil nie.

"The ideally good man has achieved an inner freedom. His soul is free from conflict. He does good from a pure

unimpeded /....

unimpeded desire to do good". (Ballard, 1928, p. 72).

Dit kan alleen bereik word as iets wat beveg of weggeneem word met 'n beter plaasvervanger vervang word. 'n Vakuum is nie altyd 'n verbetering nie. Daar moet 'n "doen dit" in die plek van die "moenie" kom. Sodoende sal leerlinge se sterk en positiewe eienskappe betrek en versterk word en sal rebelle nie slegs ontwapen word nie, maar sal hulle in vriende en aktiewe medewerkers ontwikkel. (Ibid.)

Die uiteindelike vrug van dissipline is om aan 'n stem van binne gehoorsaam te wees. (Taute, 1942, p. 163).

* Reëls moet verstaanbaar en logies gemotiveer wees. Die reël mag nooit wees : "omdat ek so sê nie". Gehoorsaamheid is iets anders "dan de houding van het angstige knaapje, dat slaafs vader's wil volbrengt en tot een naar farizeeërtje uitgroeit" (Waterink, 1963, p. 11).

* Liefde moet die onderliggende, maar oorheersende rol speel. "Die ou opvatting was dat vrees en ontsag noodsaaklik vir goeie orde en dissipline is, die nuwe dat liefde en agting dit is". (Taute, 1942, p. 163).

Waterink sê ook in verband met gehoorsaamheid en gebod dat die bevel nie noodwendig in sware stem toegeskreeu word nie, maar die stem van liefde kan wees wat "zachtkens toespreekt, wat ik heb te doen; een stem, die ik met blijdschap herken, en gaarne gehoorzaam". (Waterink, 1963, p. 8).

* As daar reëls is, moet dit afgedwing word. Dit is beter om nie 'n reël te maak nie as om een te hê wat nie toegepas word nie. (Landon, 1905, p. 338). 'n Reël wat gemaak, maar nie afgedwing word nie, bereik presies die teenoorgestelde as wat dit beoog en leer kinders verder om ongehoorsaam te wees, gesag te ondermyn en wette te omseil.

* Reëls moet tot almal se voordeel strek. Skoolreëls moet in

belang /....

belang van die hele skoolgemeenskap wees en by die opstelling daarvan moet gelet word dat dit tot voordeel van leerlinge en met 'n doel daargestel is.

* Reëls moet duidelik wees, aan almal bekend wees en dikwels genoeg herhaal word. "Ek het nie geweet nie". "Ek het nie so verstaan nie" behoort nie van oortreders as verskonings te kom nie.

Bogenoemde eise vir skoolreëls kan nog uitgebrei word maar dek die veld vir ons doel genoegsaam. Dit is egter ten slotte noodsaaklik om hier ook daarop te wys dat dit met skoolreëls moet gaan om beginsels, maar veral dat die sogenaamde beginsels wat in 'n skool toegepas word, niks beteken as dit nie ook in die lewe van die opvoeder geestelik en sedelik gestalte gee om as aktiveringsbron vir die kinderlike konstituering te dien nie. (Potgieter, 1966, p. 23).

6.3 Skriftelike of nie-skriftelike reëls.

Van die hoofde wat die vraelys voltooi het, is daar 66% wat gebruik maak van skriftelike skoolreëls (vraag 4, p. 57). By slegs 13% van die skole is die reëls by die Onderwysdepartement geregistreer (vraag 6, p. 58) terwyl 87% nie reëls vir kennisname ingedien het nie. Landon het gevind "Some schools avoid written rules altogether" terwyl ander van mening is dat reëls beslis op skrif en voortdurend ter insae van alle leerlinge moet wees, want dit help nuwe leerlinge en stel kinders in staat om te "weet waar hulle staan". (1905, p. 54). Die 52% van die skole waar reëls onder andere op kennisgewingborde aangebring word (vraag 4, p. 57) se leerlinge geniet hierdie voorreg, want onduidelike reëls lei dikwels tot verwarring. Verder is daar tog waarheid in die gedagte dat "everything that can be in writing and displayed is better so than not," (Ibid. p. 55).

6.4 Wie stel 'n skool se reëls op?

Vraag 7 (p. 58) van die vraelys het openbaar dat 63% van die skole se reëls deur die hoof en personeel by personeelvergaderings opgestel word. Gevalle waar hoofde dit alleen doen, kom voor (24%) en in baie gevalle het hoofde die reëls van hulle voorgangers geërf en aangepas om by veranderde omstandighede aan te pas (33%). Ouers, die beheerraad, prefekte en senior leerlinge en die prefekvoog word ook in gevalle geraadpleeg of toegelaat om reëls op te stel (12%).

6.5 Voorbeelde van reëls en tradisies in Transvaalse hoërskole.

Volgens 'n onderwyser is "a rule only of any use if you can't get on without it". (Landon, 1905, p. 54). Hierin lê 'n groot waarheid en reëls moet slegs daargestel word waar dit 'n absolute vereiste is.

In die vraelys is 'n paar sake ingesluit waaroor daar twyfel bestaan. Dit het die volgende openbaar :

* Haarstylvoorskrifte bestaan by skole vir alle seuns en alle dogters (vraag 5, p. 57) en in sommige skole ook vir manspersoneel en proefstudente (33%). In 12% van die antwoorde is genoem dat dit vir damespersoneel ook bestaan. Alhoewel die persentasie van 12% min is, voel dit nogtans geregverdig, want as die vroulike opvoeder 'n voorbeeld van ingetoënheid (stemmigheid) en beskeidenheid (wellewendheid) moet stel, behoort sy op haar voorkoms te let. (1 Tim. 2: 9) "So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid". (Krick, J.M. 1974, p. 39).

* Daar bestaan gedragsvoorskrifte vir leerlinge in hulle private lewe, buite skoolure. In vraag 8 (pp. 58, 59) het alle skoolhoofde geantwoord dat hulle op een of ander wyse teen leerlinge wat hulle buite die skoolhek en na skoolure swak gedra, sal

optree /....

optree. Dit matige gebruik van alkoholiese drank tuis saam met ouers sal deur 70% hoofde geïgnoreer word, maar 93% sal optree teen 'n leerling wat byvoorbeeld 'n bier by die skou drink. In 97% gevalle sal 'n leerling gestraf of berispe word as hy by 'n skoolfunksie opdaag en na sterk drank ruik, al is hy beslis nie besope nie. Die gevalle waar leerlinge (nie naby die skool nie) hulle sou skuldig maak aan drankmisbruik, sal in 73% kere gestraf of berispe word.

Selfs waar 'n leerling swak gekleed 'n plaaslike bioskoop of die dorp se rugbywedstryd besoek, sal 40% hoofde hom inroep en optree terwyl 45% in die algemeen, byvoorbeeld tydens saalperiode, 'n vermaning aan alle leerlinge oor die saak sal rig. In 76% gevalle sal 'n leerling in die moeilikheid wees as hy by 'n munisipale swembad rook en 73% hoofde is van mening dat die skool op een of ander wyse moet optree teen leerlinge wat hul ouers se motor op 'n openbare pad sou bestuur voordat hulle 'n bestuurslisensie het.

Een hoof sê dat in al hierdie gevalle nog weer onderskei moet word tussen oortredings wat in skooldrag of sonder skooldrag plaasvind.

* Dans is volgens 63% van die hoofde in orde (vraag 9, p. 59) en hulle leerlinge mag daaraan meedoen, maar beslis nie by die skool nie. In 13% gevalle word dans by skoolfunksies toegelaat en 'n verdere 9% sal slegs soms by skoolfunksies, byvoorbeeld net tydens 'n matriekafskeid, toelaat dat leerlinge dans. Hoofde veroordeel dans heeltemal in 4% gevalle.

* 'n Skrale meerderheid (51%) van die hoofde sonder nie afsonderlike speelterreine vir seuns en meisies af nie, terwyl 33% op vraag 15 (p. 61) antwoord dat hulle wel vir almal op alle dae skeiding van speelterreine vereis. Ander stelsels wat aangetref word, is dat juniors geskei word, maar seniors nie (3%) of dat die skeiding sommige dae of sommige pouses nie vereis word nie (3%). Daar is gevalle waar standerd tien-leerlinge hul eie gesamentlike speelterrein het, terwyl die ander seuns en meisies geskei word.

Van /....

Van die hoofde wat seuns en meisies op dieselfde speelterrein toelaat, het twee aangeteken dat hulle nie toelaat dat 'n paartjie hulle afsonder van die ander leerlinge nie.

* Volgens antwoorde op vraag 16 (p. 62) het senior leerlinge maar min voorregte bo juniors. By 19% van die hoofde het senior leerlinge kleredragtoegewings en by 24% afsonderlike waskamers. Ander voorregte soos aparte sitplek in die saal, aparte speelterrein en die voorreg dat standerd tien-leerlinge soms vir eksamen tuis mag studeer, kom in enkele gevalle voor.

* Skoolreëls maak voorsiening vir gedragskodes in die seun/dogterverhoudings. Vraag 26 (p. 65) het uitgewys dat skoliere se verhoudings met die teenoorgestelde geslag 'n gekontroleerde saak is en 85% van die hoofde sal byvoorbeeld optree teenoor leerlinge wat tydens 'n skoolfliek "hand om die lyf sit".

Hierdie paar sake is uitgesonder omdat die probleem van meningsverskil daar sterk aangevoel is. Die talle reëls waaroor almal dit eens is of waaroor die Onderwysdepartement duidelike instruksies gee, kan nie hier behandel word nie. Daar moet glad nie aanvaar word dat die meerderheidsopinie noodwendig reg is nie. Dit is egter nuttig om te weet hoe ander hoofde oor hierdie aspekte redeneer, want daardeur kan makliker tot sinvolle besluite geraak word.

## 6.6 Probleme wat met skoolreëls ondervind word.

Dit bly 'n onbegonne taak om alle sake met 'n geskrewe reël te reglementeer. Die stel reëls of dit nou 'n "written constitution or a tradition of behaviour, or a combination of both" is (Landon, 1905, p. 54) gee probleme, veral as te veel detail gegee word, want dan is daar of te dikwels straf vir oortredings, of oortreders word nie almal gestraf nie en gesag sodoende verswak.

Reëls wat die skool opstel, verskil dikwels van die ouers se siening en dan kom probleme. Ouers sal selde die feite wat by die skool aan hulle kinders geleer word, bevraagteken, maar doen dit makliker met beginselaspekte wat die skool probeer inskerp.

By vraag 22 (p. 64) in die vraelys het 46% van die skoolhoofde die opinie gehuldig dat hulle by hul skole strenger is oor seuns se hare as wat ander hoërskole in hul omgewing is. Dit skep ook probleme want 80% is van mening dat hulle oor hierdie saak bepaald strenger as ouers is. Om nou 'n norm of standaard wat die ouers nie vereis nie, die laerskool soms (33%) nie vereis het nie en buurskole nie toepas nie, af te dwing, gee gesagsprobleme.

Dit blyk ook duidelik uit vraag 21 (p. 63) waar hoofde antwoord dat hulle selde probleme met seun-dogterverhoudings het (87% voel so) en ook selde probleme het met kleredragvoorskrifte (ook 87%) terwyl hul nogal dikwels probleme het met haarstylvoorskrifte. (45% dikwels en 55% selde maar tog).

6.7 Samevatting en bevindings.

Reëls verskil heelwat van skool tot skool, maar is noodsaaklik.

Daar moet min reëls wees. Cowham sê : "The rules should be few, should be thoroughly understood, and should be rigidly kept, otherwise they tend to the weakening of control". (1894, p. 37).

Daar kon meestal met eenvoudige basiese riglyne volstaan word, soos : "There are only three rules here : Be courteous, be co-operative, and be sensible". (Landon, 1905, p. 54).

Die /....

Die trefkrag van 'n eenvoudige reël is wyd: Voorbeeld : Ons het net twee reëls naamlik :

- "Leef elke dag sô dat almal spyt gaan wees die dag as jy die skool verlaat en
- werk en woeker met die talente wat die Skepper jou gegee het, vir jou eie vooruitgang en tot voordeel van jou land en medemens en tot eer van God". Met so 'n reël word baie by implikasie gesê, en 'n skool met so min reëls het uiteindelik baie meer as een wat honderd reëls presies neergeskryf het.

"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" sê ook by implikasie omtrent alles wat in skoolreëls beskryf kan word.

'n Kort maar goed opgestelde erekode kan ook meer bereik as reëls en regulasies. Voorbeeld : "Ons strewe is :

... Om te leef tot eer van God en om

... diensbaar en gehoorsaam vir ons ouers en skool elke dag ons bes te doen en om

... ons naaste te konsidereer en lief te hê".

Dissipline en reëls is 'n saak van gesindhede.

Dixon haal Benn en Peters aan :

> "It is better to create conditions in which there are fewer potential offenders than to keep down the numbers of actual ones by punishing". (Dixon, 1967, p. 191).

In hoofstuk 2 (p. 47) is gewys op die noodsaaklikheid van 'n verandering van lewensiening by leerlinge. Reëls, alhoewel noodsaaklik, is geneig om slegs op die uiterlike lewenswyse te konsentreer. Gesindhede is belangriker as optrede, want dit bepaal optrede. Vir mense

se gesindhede kan nie reëls gemaak word nie, maar as hulle uit liefde vir God en medemens optree, sal hul enige reël en selfs verkeerswette gehoorsaam. Hierin lê vir die skool 'n taak. Leerlinge moet deur eksterne gesagsdissipline gelei word tot innerlike selfdissipline, want goeie dissipline in die dieper sin het betrekking nie net op die uiterlike gedrag nie, maar ook op die innerlike gedrag, die innerlike gedragsmotiewe, die geestelike gesteldheid van die leerlinge. (Gunter, 1961, p. 409).

As dissipline tot selfdissipline lei, gehoorsaamheid nie gesien word as 'n deug in sigself nie en leerlinge se gesindhede verander sodat hulle uit vrye wil 'n reël gehoorsaam omdat hulle instem dat dit noodsaaklik is, dan was die reël opvoedkundig en 'n sinvolle hulpmiddel. Dissipline en reëls is hulpmiddels; hoewel noodsaaklik mag hulle nooit in 'n skool 'n doel word nie. "In how many is it become an end and not a means". (Craddock, 1920, p. 8).

In hierdie verband moet Bagley se inleiding by skooldissipline (1930, p. 1) gelees word.

> "What is meant by a well-disciplined school? It is a paradox of the well-disciplined school that "discipline" is conspicuous by its absence. If an intelligent observer, honestly reporting a visit to a school, makes no reference to its discipline, one may be fairly confident that the school is "well-disciplined"."

Coetzee sê ook dat die ontwikkeling van die regte geesteshoudinge en gedragswyses belangriker is as handhawing van reëls en regulasies wat die handel en wandel van die kind voortdurend omskryf, want laasgenoemde is te negatief : dit belet en verbied en beperk net. Die een wat die beste regeer, regeer die minste (1944, p. 349).

Die /.....

Die belangrikste gevaar van te veel moenies is daarin dat dit onselfstandige besluitlose mense kweek wat onder die indruk kom dat hulle geregtig is om alles te doen wat nie uitdruklik verbode is nie. (Du Toit, 1945, p. 17).